Johan Claassen Broers (EDMS.) BPK. Telefoon 3612 POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

die WAPAD

Amptelike Studentekoerant vir die P.U. vir C.H.O.

A. VORSTI APTEEK

Octron-gebou, Lombardstraat.

VIR VINNIGE AFLEWERING

SKAKEL 7074.

JAARGANG XXIII | WOENSDAG 27 MAART 1968 | No. 7

# Rekord-getal grade sal toegeken word

## - BAIE IS NAGRAADS

**DIE getal sertifikate, diplomas en grade wat tydens vanjaar se gradeplegtighede deur die P.U. uitgereik word, oortref die van enige vorige jaar.**

Tydens die gradeplegtighede wat Vrydagmiddag en Saterdagmore gehou word, word altesaam 693 sertifikate, diplomas en grade oorhandig.

Van die 567 grade wat uitgereik word, is 'n totaal van 227 nagraadse grade. Dit verteenwoordig veertig persent van die totaal wat uitstekend vergelyk met die persentasies aan enige ander Suid-Afrikaanse Universiteit.

**DOTOKRSGRADE**

Onder die rekord-aantal nagraadse grade tel twintig doktorsgrade, die meeste ooit. Die fakulteit van natuurwetenskappe is hier losvoor, met nege D.Sc. grade wat toegeken word. Verder word vier D.Ed.-grade, vier D.Comm.-grade en drie D.Phil.-grade toegeken.

Op die eerste gedeelte van die gradeplegtigheid, wat Vrydagmiddag op Olënpark plaasvind, word 14 sertifikate, 60 voorgraadse diplomas en 340 eerste grade deur die vise-kanselier en rektor, prof. H. J. J. Bingle toegeken. By die geleentheid is die kommandant-generaal van die Suid-Afrikaanse Weermag, genl. R. C. Heimstra, die spreker.

Saterdagoggend ken die kanselier, sen .Jan de Klerk, 52 nagraadse diplomas en 227 nagraadse grade toe, terwyl die geleentheidsspreker die voorsitter van die N.O.K., dr. H. J. van Eck is.

**POSTUUM**

Twee grade word postuum toegeken. Wyle mnr. N. G. S. van der Walt ontvang 'n doktorsgraad in Staatsleer, terwyl wyle Hendrik Schalekamp, wat op 6 Februarie in 'n motorongeluk omgekom het, die B.A.-graad ontvang.

Mnr. Paul Riekert, direkteur van nie-blanke sake op Potchefstroom, ontvang Saterdag sy doktorsgraad in Naturelleadministrasie. Sover bekend, is mnr. Riekert die enigste direkteur van nie-blanke sake in die Republiek wat 'n doktorsgraad in die vakrigting verwerf het.

**SAAM**

Mnr. J. E. Kruger, lektor in die departement Sosiologie, en sy eggenote ontvang Saterdag elk 'n graad. Mnr. Kruger het sy meestersgraad met onderskeiding verwerf, terwyl mev. Kruger haar Honns.-B.A. in Kunsgeskiedenis verwerf het.

Tydens die gradeplegtigheid sal die raadsmedaljes aan mej. Rosalie de Klerk, damesverteenwoordiger op 1967 se Studenteraad, en mnr. Willie Coetzee, voorsitter van dié raad, toegeken word.

## Intervarsity vervroeg

**11 Mei is nou definitief dié dag Twee weke na die groot karnaval gaan die Pukke intervarsity hou soos net hulle dit kan doen.**

**Die rugby-proewe is reeds agter die rug en die eerste span spog met 'n spangees waarvoor geen ander span sal kan standhou nie.**

**Dit was vir UKOVS weens provinsiale wedstryde onmoontlik om die Puk in Augustusmaand te ontvang.**

**Sing-songs is voorlopig gereël vir 21, 25 en 28 Maart en 1 April. Die Pukke is reeds besig om vlam te vat en met die karnaval tussenin voorspel die mense wat weet groot dinge op die P.U.-kampus.**

## MINISTER BY P.U.



Die Minister van Bantoeadministrasie -onderwys en -ontwikkeling, mnr. M. C. Botha, stap saam met die rektor, prof. Bingle, deur 'n erewag van Pukke tydens die minister se besoek aan die P.U. verlede week. Min. Botha het aan die reeks interfakultêre lesings deelgeneem.
Foto: Fotokuns

## TREURNICHT SÊ PERS HET OOK 'N VERANTWOORDELIKHEID

**Die pers is nie so outonoom dat hy hom nie aan norms van buite hoef te steur nie. Ook vir hierdie instelling is daar 'n hoogste gesag waaraan hy hom moet verantwoord.**

So het dr. A. P. Treurnicht, voormalige redakteur van Die Kerkbode, gesê toe hy verlede Dinsdagaand 'n vergadering van Korps Veritas Vincet toegespreek het oor die christen en die perswese.

**LESER**

Dr. Treurnicht, wat tans redakteur is van die Pretoriase dagblad Hoofstad, wat Maandag vir die eerste maal verskyn, het gesê dat christelike verantwoordelikheid in die perswese van toepassing is op die skrywer, die uitgewer en die leser. Vir die leser is dit ewe onverantwoordelik om te skree om sensasie as om te swyg oor dit wat dikwels mee gesmous word in die pers.

Oor die verontskuldiging wat baiemaal gebruik word vir wat gepubliseer word, nl. dat 'n koerant moet aanbied wat die lesers vra, het dr. Treurnicht gesê dat hy wil beweer dat alhoewel baie mense hierdie geel lektuur lees, hulle dit in werklikheid laak. 'n Bewys dat hierdie leesstof nie al is wat die lesers vra nie, is die feit dat die sirkulasie van blaaie al geweldig gestyg het as gevolg van meningswissellings wat deur geleerdes in sulke koerante gevoer is.

**T.O.V. VOLK**

Oor die pers se verantwoordelikheid t.o.v. die volk en sy voortbestaan het dr. Treurnicht gesê dat daardie faktore wat van 'n volk 'n volk maak, deur die pers eerbiedig, bevorder en gekoester moet word. Die pers moet ook die volk se waaksaamheid opskerp teen die faktore wat sy voortbestaan bedreig. Die volk kan nie bekostig om deur 'n onverantwoordelike pers afgebreek te word in sy besef van wat reg is nie.

## Egtheid en eerlikheid is nodig vir sukses: minister

**Die sukses van die beleid van afsonderlike ontwikkeling is afhanklik van die egtheid en eerlikheid waarmee elke volksgroep vervul is, en is nie langs die weg van wetlike verordeninge te vind nie, het die minister van Bantoeadminstrasie, -ontwikkeling en -onderwys, mnr. M. C. Botha, verlede week in 'n toespraak aan die P.U. gesê.**

Min. Botha, wat tydens die interfakultêre lesingreeks 'n lesing oor perspektief op die Bantoetuislande gelewer het, het gesê dat die kritici wat die sukses van die beleid aan absolute skeiding koppel, nie ten volle op hoogte is wat werklike skeiding is nie. Bestaande werklikhede mag nooit uit die oë verloor word nie.

**VOLKSVERBAND**

Oor die volksverband het die minister gesê dat die oë nie gesluit kan word vir die werklikheid van die bestaan van volke nie. Dit is fundamenteel om van die volksgrondslag uit te gaan Bepalend vir volkslidmaatskap is nie waar 'n lid gebore is nie, maar tot watter volk hy gebore is.

Min. Botha het gesê dat volkslidmaatskap 'n sosiologiese feit is wat wetlike erkenning moet rky. Stappe is dan ook aan die gang om identiteitsdokumente deur die verskillende volksowerhede te laat uitreik.

Oor die vraagstuk van die konsolidering van die Bantoegebiede het min. Botha gesê dat dit afhanklik is van die konsolidering van volke en die daarstelling van behoorlike administrasie. Praktiese probleme, soos die verkryging van grond en die opruiming van swart kolle in blanke gebiede, is hieraan verbonde.

Die minister het gesê dat die tradisionele regeringsstelsel van die Bantoe die groeibodem moet wees vir 'n moderne regeringsstelsel wat vir die Bantoe aanvaarbaar sal wees. 'n Voorbeeld hiervan is die Transkei waar die moderne kiesstelsel en tradisionele metodes in een kamer verbind is.

## Studenteraad se nuwe lede

**Tydens die tussenverkiesing vir die Studenteraad wat ver lede Donderdag gehou is, h mnre. P. C. (Petrie) Schutte en W. M. (Willie) van der Westhuizen verkies as Studenteraadsverteenwoordigers van Korps en S.S.B. onderskeidelik.**

**Mnr. Petrie Schutte is 'n honneursstudent in Ekonomie en 'n inwoner van Haak-en Steek, terwyl mnr. Willie van der Westhuizen, wat ook 'n bekende naelloper is, 'n B Juris-student in sy derde jaar en 'n dorpstudent is.**

**In 'n onderhoud met Die Wapad het 'n lid van die verkiesingskomitee sy teleurstelling uitgespreek met die lae stempersentasie tydens die verkiesing. In nie een van die twee gevalle het 'n kworum gestem nie.**

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS

BULT-APTEEK

ONS SPESIALISEER IN

GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE

TOMSTRAAT 88B & C

FOON 5943, 3377

J HEIDEMA
vir
FIETSE
en vakkundige
Herstelwerk

Opberging
van fietse gedurende vakansies.
Kerkstraat 48 — Tel. 5319

BOUQUET
BLOEMISTE,
STADSENTRUM.
Tel. 6575.

GROSVENOR MOTORS
Lombardst. 47. Kerkst. 69.
Telefoon: 4351/2/3
POTCHEFSTROOM.

GEMAGTIGDE FORDHANDELAARS
ANGLIA — CORTINA
CORSAIR — ZEPHYR
ZODIAC — FAIRLAINE en GALAXIE
Asook:
VESPA
en
LAMBRETTA
BROMPONIES.

HUIS EN TUIN
Vir:-
★ alle fietsbenodigdhede
★ skoenreparasies
★ droogskoonmaak.
Studente:
ONS VOORSIEN GRAAG IN U BEHOEFTES
Tomstraat 82,
Telefoon 4641.

Vir al u
APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE
Besoek:
APTEKERS
J. P. VAN DER WALT
(EDMS.) BPK.
●
Kerkstraat 118,
Telefoon 3237,
POTCHEFSTROOM.

die WAPAD

WOENSDAG 27 MAART 1968

# Kennis is nodig

Toe die minister van Bantoeadministrasie, -ontwikkeling en-onderwys, mnr. M. C. Botha, tydens verlede week se interfakultêre lesings oor perspektief op Bantoetuislande gepraat het, het hy telkens verwys na die kritiek wat uit onkunde geloods word op hierdie beleid.

Om te bespiegel oor die beleid van afsonderlike ontwikkeling as sulks en oor die toepassing daarvan in die praktyk, lê nie op die terrein van hierdie koerant nie. Iets wat egter wel deeglik op ons terrein lê, is om die verhouding van ons as studente tot probleme in hierdie verband, onder oë te neem.

Doen 'n mens dit, is een van die vrae wat by 'n mens opkom of daar by die gemiddelde student slegs naastenby die nodige kennis is oor rassebetrekkinge hier te lande. Daarmee wil ons nie verval in die swaarmoedigheid van een van ons briefskrywers in 'n ander verband wat die moderne student sien as iemand wat in die „stilte van eie leegheid" leef nie. Dat daar by die oorgrote meerderheid studente wel 'n deeglike belangstelling bestaan vir sake soos afsonderlike ontwikkeling, staan vir ons vas. Die ondervinding het egter ook al geleer dat belangstelling van weinig waarde is as dit nie met kennis aangevul word nie. Veral in 'n saak soos die, wat die blanke bevolking, waarvan ons as studente meer as 'n integrale deel vorm, in elke aspek van sy bestaan raak, is 'n grondige en bruikbare kennis daarvan nodig vir elkeen.

Om die saak met 'n skouerophaling af te maak as politiek en iets wat berus by die leiers, toon rampspoedige onkunde. Daarmee word ontken dat die sukses van die beleid waarvan ons voortbestaan afhang, afhanklik is van die „egtheid en eerlikheid waarmee elke volksgroep vervul is." En daarmee word gehoop dat die owerheid, sonder om ons daarin te steur, die saak op so 'n toweragtige wyse sal oplos dat nog ons, nog ons nageslag, enige ongerief sal moet verduur. Rampspoedige onkunde is dit inderdaad.

Redes sonder tal wat kennis oor die saak noodsaaklik maak, kan nog opgenoem word. Mens dink maar alleen aan die kontak met andersdenkendes wat gewoonlik meer as net oortuiging verg in argumente hieroor.

'n Groot terrein lê hier nog vir die Afrikaanse student braak.

# Gradedag

Eerskomende naweek bereik die akademiese loopbaan van baie Pukke 'n hoogtepunt wanneer hulle grade of diplomas ontvang. Vir baie is dit die bekroning op harde werk en die vergestalting van hulle verblyf aan hierdie universiteit. Vir baie is dit maar die eerste stap op 'n pad wat nog baie dieper in die wetenskap sal indring.

Vir enigeen wat maar enigsins hierin belangstel moet dit inderdaad verblydend wees dat die aantal nagraadse grade wat die naweek toegeken word, so 'n groot persentasie (veertig persent) van die totaal beslaan. Die persentasie word dan ook deur geen ander Suid-Afrikaanse universiteit oortref nie.

Die ietwat afgesaagde opmerking dat die wêreld van vandag al hoër eise stel, is in hierdie opsig nog steeds baie waar. Met al groter spesialisasie op elke denkbare terrein, nie net op natuurwetenskaplike gebied nie, is dit die plig van elkeen wat maar enigsins daartoe in staat is, om tot die hoogste mate moontlik daardie tegniese kennis van sy besondere vakgebied te verkry wat hom of haar nie alleen in staat sal stel om 'n behoorlike betrekking te beklee nie, maar ook om die gemeenskap daardeur te dien.

Veral in Suid-Afrika, waar drie en 'n half miljoen blankes moet voorsien in die grootste gedeelte van die behoeftes op hierdie gebied van 'n bevolking van sewentien miljoen siele, bied dit nie alleen groter vooruitsigte nie, maar lê dit ook groter verpligtinge op ons. Dit is daarom ook nie snaaks dat vooraanstaande persone in die volkslewe al gewys het op die noodsaaklikheid daarvan dat van die land se potensiële breinkrag die maksimum-gebruik gemaak moet word nie.

Dat verdere studie uit 'n finansiële oogpunt nie altyd moontlik is nie, is 'n stelling wat omtrent soveel krag dra as die een dat dit finansieel onlonend is om universitêre opleiding te ontvang. 'n Mens hoef maar net deur universiteitsjaarboeke en ander publikasies te blaai om te sien op hoe 'n groot skaal daar beurse en beurslenings vir voorsowel as nagraadse studie aangebied word. Dat nagraadse studie tyd in beslag neem waartydens geld verdien kan word, is 'n stelling wat benede enige kritiek lê.

Dat die persentasie nagraadse studente aan hierdie universiteite reeds so hoog is, is verblydend. Dat dit hier en op ander universiteite nog hoër sal styg, is iets wat mens opreg hoop.

# In U Lig

EN DINK AAN JOU SKEPPER IN DIE DAE VAN JOU JONKHEID — Pred. 12:1.

Die lewe is vreugde en smart. Die mooiheid van die jeug is 'n genade van die Here. Die lag van jonkheid is 'n sieraad sonder weerga, dit rol oor die vlaktes en weerklink in die berge. Die jonkheid is nietigheid — met die bekoring van alle verganklike dinge, met die ootmoed van onvermoë.

Die skaduwee van vreugde is die spoor van smart: 'n verlore vriend miskien, 'n woord wat ongesê moes gebly het, 'n tastende heimwee na wat kon gewees het, 'n onbekende roering in die stilte.

Vreugde en smart.. .

Saam word die twee omkoppel tot die lewe, ook tot die jonkheid. 'n Jonkheid waarin alles bizar en burlesk sou aandoen: die swart laberint van vrees en eensaamheid, die weïge verset van selfwalging. So 'n jonkheid as daar nie gedagtenis sou wees aan die Skepper nie. Want juis dit impliseer ook wat die Skepper vermag deur ons sonde te versoen. Dit impliseer 'n genadige redding. Dit is lewe — lewe uit genade in dankbaarheid.

# - Deur My Lens -

Elke Puk eet, slaap en droom seker nou al karnaval? Of is ek te haastig. Dit beloof in elk geval om iets groot te wees. Die manne wat die dinge organiseer is van die more tot die aand besig, bel, organiseer en gaan spasties mal. Nietemin, hulle doen goeie werk en het 'n klomp oorspronklike planne, uitnemende planne. Ek gee hulle my volle steun en sal in hierdie rubriek vir hulle heeltemal verniet reklame doen: tot en met die karnaval.

Dit is my wens dat die karnaval vir elke Puk 'n onvergeetlike gebeurtenis sal wees; dat dit 'n dag van welwillendheid en gesonde studentepret sal wees. Dat ons ook die karnaval sal toon hoe ons as Pukke vrolik kan wees en die gees en die waarheid van hierdie universiteit as waardige ambassadeurs na buite sal dra. Met die blyheid van ons jare, hierdie jare wat helaas nooit weer sal kom nie. Laat ons dan dans, huppel en spring soos bergbokke vroegmore op pad na die water.

**ENTOESIASTIES**

Maar voor ek liries raak, my bewonderaars vind dit ondenkbaar dat reflector ook entoesiasties kan raak; dat hy 'n gewone man is vir gewone dinge, wat gewoonweg verlang, ly en liefhet. Maar met duidelike voorkeure en afkeure: miskien is hy net hewig in sy motivering daarvan. En hy maak nooit verskoning vir wat hy sê nie. Want, julle weet, die lewe kan soms so ontsettend saai wees, afgebaken in roetine, peuterdingetjies, asemhaal ens. Mens moet opwindende dinge doen, met die volle inset van die persoonlikheid. En enkelvoudig jou pad loop, sonder verskoning, met 'n glimlag, maar doelbewus en vasberade na die doel wat jy vir jouself in die vooruitsig stel.

Maar ek is geen filosoof nie. Soms is ek Don Quiojte en soms is ek Sancho Panza; respektiewelik dan 'n ridder op 'n draadkameel en stormend op 'n dameskoshuis of as agterryer peinsend filosofies oor die vergeefsheid van die liefde: effens bedroë, bietjie nugter. Maar ek beloof julle eendag gaan ek nog iets doen wat louter ekstase sal wees. Bv.: Op die dak van 'n dameskoshuis klim en 'n serenade aan die nag sing — presies om middernag. Of sterre pluk en vriendelik uitdeel: „een vir jou, twee vir jou — versier julle ore, mae, tone" ens. Of aan almal wat wil luister met 'n fluit siteer van die lewensmisere. Of eenkant misties 'n paar woorde fluister in die wind.

**HEROÏES**

En miskien sal ek aan die einde van hierdie jaar heroïs wees: Op 'n monsteragtige monstervergadering dramaties en plegtig my identiteit aan almal bekend maak. Om soos ek gekom het, te verdwyn: met 'n wuif van die hand en 'n lag. Miskien sal my harlekynelag nog af en toe agter 'n tolbossie op die kampus opklink.

Intussen probeer ek alles repareer met die woord.

**KLAP**

'n Taai klap aan al die Pukke wat nie in die tussenverkiesings gestem het nie. 'n Skop aan diegene wat geen stemreg het nie. Hartelik geluk aan die twee nuwe S.R.-lede. Moenie daar gaan sit en mooilyk nie! Doen julle werk. 'n Praktiese wenk: sien uitvoerbare visioene. Maar ek meen julle is 'n gelukkige keuse.

Die S.R. word ruimer van gees. Tot barstens toe gangbaar. 'n Ligte applousie! Amper begin ek van julle hou. Ek dink tog ons praat nou op dieselfde golflengte. Veels geluk. In stilte 'n heildronk op ons voortaan volkome harmonie en eensgesindheid!

INSLEEP!
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

DIE SPOTPRENT VERSKYN HIERDIE WEEK OP DIE VOLGENDE BLADSY.

# Ons Lesers Skryf

## Leser kla oor Reflector, studente en hul leiers

**Geagte Redaksie, — Reflector van die afgelope twee uitgawes van die Wapad het kostelike dinge gesê en nog meer bedoel. Sy gedagtegange is daar vir almal om te lees nie omdat hy daarin slaag om sy persoonlike idees „Deur My Lens" weer te gee en positief nuwe riglyne vir ons verwarde wêreld te stel nie, maar juis omdat hy op soms so 'n treffende wyse die gedagtevlugte van die moderne studente kan reflecteer. Daar is werklik baie by hom (of haar) te leer.**

Met die Kultuursaamtrek wat (mede deur sy treffende refleksies?) van die baan gestoot is, het die posisie van die Afrikaanse studente ten opsigte van die uitdagings van die moderne tyd weer skerp onder die aandag gekom, sekerlik ook by diegene wat ons, met huiwering en 'n gevoel van skande, kennis moes gee dat die Saamtrek nie meer sal plaasvind nie en dat al sy moeite om voor te berei tevergeefs was. Die jeug wat hierdie vooraanstaande persone sou toespreek, sal nie daar wees nie... Waarom?

**SWAKHEID**

**Aan die een kant staan sekerlik die swakheid, louheid en gebrek aan insig en ywer van die studenteleiers. Nog nooit kon ek aanvaar dat iets op 'n mislukking kan uitloop as die leiers maar doen wat verwag word en die mense waarlik touleiers is wat met alle middels in hulle hand die studente heenlei na wat hulle dink die beste weg is nie.**

**MODERNE STUDENT**

Maar beplanning en organisasie blyk alleen te slaag wanneer aansluiting gevind word by die moderne student. So lyk dit dan asof sekere dinge soos „kultuur" en „leier" by die moderne student geen appèl nalaat nie. Dit skyn asof daar 'n kloof is tussen die jeug in 1968 en van 'n paar jaar gelede. So baie het gebeur en so baie het nou eers sy beslag gekry op die jongeling van die jare 16—21. Sou die geweldige ontwikkeling van die P.U. nie êers 'n oorgangsstadium toegelaat het nie? As die naam Kultuursaamtrek met 'n gelag en onderlangse veelseggende gebrom begroet word dan voel jy vreemd: die P.U. is nie wat hy was gewees...

**SINLOSE**

Baie verklarings kan gesoek word, maar ook „ondersoek" word sinies na die sinlose verwys. Ons moenie meer dink nie, nie meer vra of beplan of organiseer of beleid neerlê nie. Nee, net die daad op die oomblik gevoel word as van waarde geskat. In ons gejaagde tyd loop die wêreld skynbaar of langs ons verby (verkramp) of loop die wêreld deur ons heen (verlig). Kan ons nie meer teenoor die wêreld staan en ook ons eie tyd, eie smaak en gevoel na behore oordeel nie? As „ondersoek" hierby deurval, wat van besinning en nugtere deurdink?

Ook hier sal die moderne student in argwaan swyend sy oë laat sak om sy gedagtes (as daar is) te rig op die mooi been onder die mini-rokkie in die spieël voor haar of die meisie voor hom in die pad of langs hom in die klas. Denke is deel van die klaskamer. Daarbuite leef ons in die stilte van die eie leegheid, om die „kultuurprofeet" maar sy gang te laat gaan asof dit niks met ons te doen het nie.

Die wat in hul daaglikse lewe daarin slaag om meester te bly van die tydsgees stem tot dankbaarheid.

JAN-AT KRUGER

**(Die veralgemenende stellings van ons korrespondent oor die moderne student (wat onses insiens nie kommentaar waardig is nie) daargelaat, bly dit 'n ope vraag of die persone wat hy uitsonder as die sondebokke by die mislukking van die Kultuursaamtrek, werklik die skuldiges in hierdie verband is.**

**Was die organisasie van die Kultuursaamtrek bo verdenking? Het die beplanning vir die saamtrek rekening gehou met die praktiese sy van die saak, soos die verkryging van finansies? Was daar voldoende fondse, iets wat sekerlik tog vooraf in gedagte gehou moes word?**

**Miskien is die saak tog nie so eenvoudig af te maak as wat die korrespondent poog om te doen nie. Word sondebokke nie op die verkeerde plek gesoek nie? — Red.)**

# Entoesiasme vir karnaval is nodig: Voorsitter

**„Ons moet voor die vakansie positief aanreëlings vir die karnaval werk omdat daar na die vakansie, as gevolg van die konserte tydens die karnavalweek, nie tyd sal wees nie." Dit was die woorde van die Voorsitter van die Sentrale Karnavalkomitee, mnr. Johan Kruger, toe hy deur Die Wapad genader is oor die karnaval.**

**„Die vlotbouery is natuurlik die heel belangrikste faktor en dit kan net nie genoeg beklemtoon word nie. Ons moet onthou dat dit die eerste keer is wat so iets aangepak word. Ons weet nie hoe nie en dis nie 'n geval dat ons nie vertroue in onsself het nie maar 'n geval van alles in die stryd werp om 'n fantastiese sukses daarvan te maak," het mnr. Kruger gesê.**

„Die vlotte moet van hoë gehalte wees (daarom ook die keuring voor die tyd) omdat dit die faktor sal wees wat gaan bepaal of die publiek ons gaan ondersteun of nie. Ons vra dus weereens samewerking en nogmaals samewerking."

**HEMPIES**

Dan gaan daar ook hempies, soortgelyk aan 'n „T-shirt" te koop aangebied word. Die karnavalkomitee doen 'n beroep op die massa om dit te koop. Die hempies word om twee redes vervaardig: dit sal eerstens bydra tot die skep van 'n unieke karnavalgees en ook om 'n eenheidsgevoel (wat nie net vir die karnaval, maar ook vir Intervarsity uiters noodsaaklik is!) aan te wakker.

Mnr. Kruger het beklemtoon dat die karnavalkomitee die massa vra om dit te benut. Die sukses van hierdie onderneming hang uitsluitelik van die samewerking van die studente af, het hy gesê.

**KOSHUISE**

Om aan te pas by die res van die kampus wat versier gaan word, wil die komitee ook vra dat die koshuiskomitees sal toesien dat die koshuise ooreenkomstig opgemaak sal word. Elke koshuis moet sy eie inisiatief gebruik en oorspronklik wees. Dit geld trouens vir die hele karnaval.

Daar sal kort voor die karnaval 'n massabyeenkoms gereël word waartydens die hele opset en aksies van die karnaval amptelik aan die massa bekend gemaak sal word.

Voorlopig het die karnavalkomitee bekend gemaak dat daar Saterdagmiddag 27 April niks gereël is nie, as gevolg van die semi-finale uitdun vir die Olimpiese Spele op die Bill Swartovaal. Aangesien dit so 'n groot atletiekbyeenkoms is en daar Pukke ook aan die byeenkoms sal deelneem, het die karnavalkomitee besluit om nie die byeenkoms in die wiele te ry nie. Daar word beoog om met die vlotte na Olën Park te gaan en dit sodoende deel van die karnaval te maak.

## Geluk Vriende, sê Leser

**Geagte redakteur, — Ons het al weer baie dinge om onsself mee geluk te wens, ou here! Binne twee weke het ons dit reggekry om 'n mooi klompie simpel idealistiese eerstejaars in te wy in die geheime van student-wees!**

Ons het hulle geleer dat dit geen moeite kos om 'n doktoraal in vloekkunde te verwerf nie, ons het hulle gewys dat dit die maklikste is om ander mense te oriënteer deur hulle te bedwelm met jou lieflike drankasem; dan het jy bowendien genoeg moed om selfs op 'n outjie wat groter as jy lyk te skreeu (ongelukkig kry die swakker dan 'n blaaskansie!) Ons het die onnosel groentjies geleer dat seks iets is waaroor mens rondom die teekan praat en dat die liederlikste verhale, goed deurspek met passende vloeke, jou aansien tot ongekende hoogtes laat stig. Ons het die „kinders" geleer om soveel moontlik te gaan dans om daarna genoeg stof te hê om teenoor jou maat te spog oor jou dansmaat wat so wild en wakker was.

**SIMPEL IDEE**

Geluk vriende! Ons het dit reggekry om daardie simpel idee van 'n christelike universiteit uit die idealistiese groentjies se koppe te hamer! Ons het die dom buitewêreld wat glo dat elke Puk 'n dopper is weer gewys dat doppers suiplappe en hoererders is — net jammer dat die doppers persentasiegewys ver in die minderheid onder ons helde is!

**TRADISIE**

Tradisie is iets soos voorwêreldlike fossiele, hoekom moet 'n mens so verkramp wees om Sondae ordentlik gekleed te gaan eet, hoekom sal daar weer iets soos 'n interkoshuis-tugkomitee kom wat kollegas wat hande uitruk so 'n bietjie onder hande neem? Hoekom sal ons die lewenswerk van dom idealistiese stigters en hulle verkrampte navolgers uitbou of selfs bevredig? Afbreek is baie makliker. Sterkte met u heldhaftige afbraak en die gevolge daarvan!

As die skoen u pas...

WOUT TEN HAAF
Piet Groblerhuis.

## Lawaaimakers het konsert bederf, sê leser

Geagte redakteur,— Ek was die afgelope naweek by Karlien se konsert en het werklik geniet wat die dames ons kon bied. As dit 'n voorsmaak is van wat die reeks inter-koshuiskonserte vanjaar ons gaan bied, sien ek uit na hierdie reeks.

**BEDERF**

Hoe aangenaam die konsert ookal aangebied is, is dit nogtans bederf deur slegs 'n paar persone wat nie weet hoe om hul le te gedra nie. Ek het werklik nooit kon dink dat daar Pukstudente is wat blykbaar dink 'n fluitjie, hoeter en platvloerse lawaai hoort tuis by 'n konsert nie. 'n Mens sal skaam wees om besoekers in die toekoms uit te nooi na 'n konsert op die Puk as sulke dinge verder geduld word!

Ek hoop dat ons almal in die volgende konserte geleentheid sal hê om dit ten volle te geniet.

FAANS STEYN
Heimat.


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**ADVERTENSIEBURO**
**Studenteraadskantoor**
**P.U. vir C.H.O.**

**TE KOOP**

**LLOYD** 1956 R50.00 Lopende toestand. Poen Coetzee, Tomstraat 12. Tel. 4869.

**SPLINTERNUWE** damesfiets. Mej. A. Malan, Eikenhof. Tel. 2169

MOOIRIVIER MOTORS
(EDMS.) BPK.
Posbus 51, Potgieterstraat POTCHEFSTROOM. Telefoon 4338/9,
Vir:-
★ MERCEDES-BENZ
★ TOYOPET
★ RENAULT DAUPHINE



Dit is die snit wat tel...
* Alba Broeke
* Mentone Pakke
* Monatic Hemde
* Battersby Hoede
* Gregory Sokkies

J. TOD SUTTIE
Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars
Posbus 219 — Tel. 3411
Kerkstraat 177
POTCHEFSTROOM




Wel ek moet sê... dit lyk darem of die slepers (oues en nuwes) wakker skrik. En dit is tog goed want anders weet ek nie waar gaan ek inligting vandaan kry nie en dan kan julle seker wees is dit ek en die redakteur!

Ek praat nou van die mense wat sommer so uit die bloute (of liewer Bethlehem) verloof raak. Helena du Plessis het besluit sy wil nooit eendag met begrotings en dinge wat nie wil uitwerk sukkel nie, die logiese oplossing: raak verloof aan 'n rekenmeester! Baie geluk hoor... en ek is seker jy is spanne bly dit is jou laaste jaar op die plaas.

**ENGELTJIES**

Maar so van die redakteur gepraat; het julle al gehoor hulle sê as jy van die engeltjies praat sing hulle in jou ore? Nou ja. . ek was net vinnig besig om te tik toe hier 'n engeltjie opdaag en sy sê Tom Larney kuier deesdae so knaend by Ment Wierenga. My mond het nog so gehang van verbasing, toe sê die engeltjie weer: „en Hennie Scholtz en Bertus Hoffman is gedurig bymekaar! En Daleen Wille en Etienne Bruwer ook!" Maar toe sê ek die engeltjie moet liewer loop want net-nou sê die mense ek jok.

Marianne van der Walt sê weer Pretoria was darem nie so erg nie maar sy weet regtig nie hoe gaan sy in die Kaap kom nie. Siestog, jy het al my simpatie hoor. Elsa Venter wil net weer gedurig weet of daar nie 'n brief van Pretoria af is nie. Ek hoop tog net Frik is lief vir skryf want soos ek mansmense ken is hulle nie!

**VOLGENS VANNE**

En dan wil ek ook net vir Magdalene en Coert Coetzee vra of hulle dink ons klassifiseer hier op die Puk volgens vanne? Nee jong...o, ek verstaan julle sleep! Laurentia Kruger en Andre Coetzee sê dit gaan nou weer voor die wind met hulle liefdesake. Maar met Dickie Otten en Jan Venter s'n gaan dit glo eers goed.

Almal wonder al kliphard waar kry Elise Roothman altyd die skape vandaan as die Bantoetale-Departement gaan toer Het dit dalk iets te doen met 'n sekere boer, ene Johan Oosthuizen?

Ment Groothof verkeer regtig nie in 'n benydenswaardige posisie nie. Weet julle waar doen Koos Prinsloo navorsing? In Lesotho. Maar dit lyk vir my sy is nie die enigste van haar soort nie want Alta Mulder sit sowaar met haar hart in Swaziland...by Bartlo du Preez. Gelukkig het Kulu se droogte darem oorgewaai want ek hoor die eerstejaars sleep glo of hulle betaal word! Daar is onder andere Antjie Sinia en Andries Steyn, Anette Human en haar Thinus en Maxie Claasen en haar Garry.

Kobie Botha se leuse is deesdae; sê dit met blomme. Ek wens tog meer mansmense se gedagtes wil in daardie rigting beweeg want ek weet goed hoe in die wolke was Marietjie. Mavoureen Deysel en Tinie van Schoor sleep nou ook weer dat die stofwolke so staan! Om nie eers te praat van Lucy Horn en Giep du Toit nie.

**EDELGESTEENTES**

En nou wil ek net gou nog een ding „wonder". Ek wonder of 'n sekere onderwyser op Odendaalsrus miskien die oorbelle wat in sy baadjie sak vergete gebly het gaan gebruik om vir die kinders te wys hoe lyk edelgesteentes? En ...gaan hy vir die kinders vertel die gesteentes behoort aan Sarie Swarts?

Dis dan al vir vandag, onthou nou die karnaval en die intervarsity kom vinnig nader. Moenie sê ek het julle nie gewaarsku nie.

# 'N DONKIE VIR KARLIEN

„O, die donkie, ja die donkie,
O, die donkie is 'n wonderlike ding,
Hy staan in die bos,
eet koshuis se kos,
O, die donkie is 'n wonderlike ding."

Daar is nie 'n dame van Karlien nie, of sy sing die welbekende ou volksliedjie. Ja-nee, hulle dink dis nie reg dat een koshuis 'n gelukbringer kan hê nie (bedoelende Oosterhof) en hulle sonder een moet klaarkom nie.

Miskien is dit reg ook, ek bedoel nou om so te dink, maar dat dit nou 'n esel moes wees .. ! Maar wag dis nie nou ter sprake nie.

**EERSTEJAARS**

Asof dit nie genoeg is dat die arme bloedjies (eerstejaars) voordeurdiens moet doen nie, word daar ook nog meer laste op hulle „brose" skouertjies gelaai. Hulle moet jou wrintie die arme ding van kos ook voorsien ('n Mens wonder hoe lank hy dit gaan volhou).

Die eerstejaar wat op voordeurdiens is, moet na elke ete vir die „gelukbringer" kos sleep. Ons ken nog nie sy naam nie want die doopplegtigheid lê nog voor.



Prof. W. J. de Klerk, huisvader van Karlien, doop die koshuis se donkie „Willem Johannes" tydens die doopplegtigheid. Sien vroeëre berig oor die esel op hierdie blad.

Foto: Fotokuns

# A. M. van Schoor by P.O.K.

Op 1 April 1968, sal Potchefstromers weer die geleentheid kry om na mnr. A. M. van Schoor, bekende opsteller van „Wêreldgebeure" te gaan luister in die Hoofsaal van die P.O.K.

**AKTUEEL**

Sy toespraak sal gaan oor: die Kommunisme teenoor die Amerikaanse liberalisme. Die vergadering sal om 6.30 nm. plaasvind.

# MENS HET SY MONDIGHEID VERLOOR

**„Die gedagte van die verlore seun het die tragedie van die verlore vader geword," het dr. Tjaart van der Walt Woensdag oggend gesê in sy lesing oor die mondige wêreld en die jeug vandag, by geleentheid van verlede week se interfakultêre lesings.**

Dr. Van der Walt het die wêreld se mondigheid gekontrasteer met die Bybelse mondigheid. Toe die mens homself in sy eie mondigheid gesien het as sy eie baas, het hy sy mondigheid verloor. Die mens kan net kind van God of slaaf van die sonde wees, het hy gesê.

**WêRELDOORLOë**

In die negentiende eeu het die mens God vermenslik en die mens vergoddelik. Die twintigste eeu het deur sy wêreldoorloë God onbereikbaar gemaak — vandaar die God-is-dood-teologie. Hierdeur het die mondige mens hom totaal van God geëmansipeer. Die Skrif is teen hierdie soort mondigheid, want die volwassene is juis mondig in en deur God, volgens die spreker.

Dr. Van der Walt het verder gesê dat die kind van vandag juis mondig moet word sonder dat hy 'n kindertyd gehad het. Dit is die krisis van ons tyd, het hy gesê.

# Beurse vir twee Pukke

Twee Pukke, mnre. Theo Dekker en Daniël Venter, albei verbonde aan die departement Organiese Chemie het onlangs elk 'n beurs van A.P.B. ontvang. Die beurse bedrag elk R1,250. Hulle is die eerste studente aan die P.U.om hierdie toekenning te ontvang. Hulle hoop om hul doktorsgrade in 1969 te voltooi.

Met Komplimente van
AJAX
(EDMS.) BPK.
BOEKE,
SKRYFBEHOEFTES

# Betoging teen pous in Pta.

Twintig Rooms-Katolieke studente het in Pretoria betoog teen die Pous se gunstige uitlatings oor die drie Rhodesiese moordenaars. Dit is die eerste keer in die geskiedenis van Suidelike Afrika dat 'n pouslike uitlating by wyse van 'n betoging afgekeur is.

**MENINGSVERSKIL**

Die betoging het terselfdertyd die skerp meningsverskil wat daar onder Rooms-Katolieke in Suidelike Afrika bestaan oor heersende politieke bedelings na vore gebring. Die studente wat die betoging na 'n kerkdiens beplan het, verteenwoordig 'n sterk nasionalistiese gevoel onder die Roomse jeug

# UNIEKE KOOR BY U.P.

'n Unieke koor, bestaande uit 14 verskillende kore van die Universiteit van Pretoria, is verlede week gestig.

Op 15 en 16 Maart tree die kore in die Aula op. Prysgelde van meer as R300.00 sal na die optrede aan die pryswenners uitgedeel word.



# Puk se rugbyspelers sit goed af

**DIE P.U.-rugbyklub het verlede Saterdag sy eerste wedstryde van die nuwe seisoen gespeel. 'n Goeie begin was dit beslis Dit is veral die vertoning van die eerste span wat tot optimisme gestem het.**

**Die P.U.-eerste het teen die swaar en bekwame span van Welkomklub opgedraf. Die voorspelers het hulle goed van hul taak gekwyt teen die veel swaarder pak van hul teenstanders. Hulle het die agterlyn dan ook goed bedien en aanvalkans was daar genoeg.**

Daar was mooi agterlynbegegings wat aan Danie van Wyk die P.U. se vleuel, wtwee pragdrieë besorg het. Die P.U. het dan ook daarin geslaag om die wedstryd met die mooi telling van 21 punte teen 13 in hulle guns te beklink.

KAPTEIN

Theuns Kruger, flank en kaptein van die span, het 'n pragwedstryd gespeel en weereens getoon daat hy 'n staatmaker van die P.U. se rugby is. In die agterlyn was dit veral Piet Bruwer wat op heelagter uitgeblink het. Hy het nie alleen met veilige hande en puik lynskoppe die agterhoede bewaak nie maar ook 12 punte met die skopskoen aangeteken.

Verdere punte is aangeteken deur Daan Kock met 'n drie wat deur Piet Bruwer vervyf is. Gerit Botha op vleuel het ook getoon dat daar nog veel van hom in dit loop van die seisoen verwag kan word.


SPEL LOS

Die spel was soms 'n bietjie los en dit was duidelik dat die spelers hier aan die begin van die seisoen mekaar nog nie mooi kan vind nie. Oor die algemeen was dit egter mooi hardlooprugby daar beide spanne die bal laat loop het.

Daar kan met veiligheid gesê word dat die eerste wedstryde mooi beloftes vir die res van die seisoen ingehou het. Met die vakansie op hande en die Intervarsity kort op sy hakke sal daar egter nog hard gewerk moet word. Afronding is beslis nog baie nodig as die Vrystaters met vertroue aangedurf wil word.

ONDER-23

Die onder-23-span het ook vir 'n goeie vertoning gesorg en Welkom se derdespan met 23 punte teen 0 geklop. Die tweede en O/19 spanne was minder gelukkig. Die O/19 span het die knie met 9 punte teen 6 gebuig en die Tweedespan met 17 punte teen 13.



**Willie Coetzee, wat op die foto naelskraap voor Klaus Schiess by die wenpaal aankom in die 110-meter hekkiesnommer by die Wes-Transvaalse Kampioenskappe, het Saterdag die vierde Puk geword om vir die Olimpiese Spele te kwalifiseer, toe hy die nommer op Sasolburg in 14.1 sek. afgelê het.**

## COETZEE KWALIFISEER VIR MEXIKO

**Nog 'n atleet van die P.U. het vir die Olimpiese spele in Mexikostad gekwalifiseer. Hy is Willie Coetzee wat die 110 meter hekkies in 14.1 sek. afgelê het. Die kwalifiserende tyd oor die afstand is 14.1 sek.**

Hy het die prestasie op Saterdag 23 Maart te Sasolburg behaal. Pukke wat nou al gekwalifiseer het is. W. van der Westhuisen, D. Booysen en F. van Zyl. As Louis van Wijk nie te veel las van sy beseerde voet kry nie is die moontlikheid dat hy hom nog by die groepie kan aansluit baie goed.

George Müldner het Saterdag op Sasolburg ook mooi presteer en eerste oor die wenstreep genael in die 1500 meter. In Durban het Fanie van Zyl daarin geslaag om De Villiers Lamprecht oor die 1 myl te klop. Hierdie wedloop waaroor so baie bespiegel is het die normale patroon gevolg van wanneer twee groot atlete vir die eerste keer teen mekaar hardloop. Die tyd van 4 min. 1.9 sek. was dan ook vir baie oningewydes 'n teleurstelling.

## Ons Huis se seniors klop eerstejaars

In 'n nat en modderige rugbywedstryd, het die seniors van Ons Huis geslaag om hul eerstejaars met 18 punte teenoor 8 te verslaan. Alhoewel 'n groot gedeelte van die wedstryd in reën gespeel is, was daar tog heelwat uitblinkers.

Charles Venter, losskakel van die eerstejaars, is binne die eerste tien minute van die eerste helfte beser, en moes die veld verlaat met 'n beseerde knie.

## EERSTE KRIEKETSPAN KLOP POTCH-DORP

**Die P.U. se Eerstekrieketspan het Saterdag getoon dat hy sy man sal kan staan in aanstaande Saterdag se wedstryd teen die Witsies op die Bill Swart Ovaal. Hulle het daarin geslaag om die sterk span van Potchefstroom-dorp, wenners van die afgelope bonusliga, met 'n beurt en 14 lopies te verslaan.**

Dorp het eerste gaan kolf op 'n blad wat vroegoggend bietjie lewe getoon het. Danksy skitterende boulwerk deur Anton Welman was Dorp almal uit in hul eerste beurt vir 92. Welman kan spog met 'n fantastiese ontleding van 7 paaltjies vir 27 lopies. Merkwaardig hiervan is dat hy al sewe kolwers skoongeboul het. Hiermee het hy getoon dat hy nog net bietjie ondervinding kortkom om van hom 'n eersterangse wegbreekbouler te maak.

De Villiers du Toit kan in sy eerste wedstryd vir die eerstespan spog met 'n ontleding van 2 paaltjies vir 3 lopies.

HOë TELLING

Die Pukke het in hulle eerste beurt die uitsonderlike totaal van 234 gemoker. Die hoë telling is te danke aan die goeie beurte van veral William Cook 78, Jos Coetzee 48, Nico Breedt 35, en Anton Welman 23.

Dit het die Puk 'n voorsprong van 142 lopies besorg. Dorp het in hulle tweede beurt geslaag om 128 almal uit te behaal. Die paaltjies was die keer verdeel tussen Cook (3 vir 30), Welman (2 vir 39), Jos Coetzee (2 vir 12) en Frans Nel (2 vir 13).

EER UIT STRYD

As die Pukke daarin slaag om sy ou kwaal nl. verbroude vangkanse, onder die knie te kry, behoort hulle met eer uit die stryd te tree teen die gedugte span van Wits op Saterdag 30 Maart.

Dit het egter nie so goed gegaan met die tweede span, wat hulle wedstryd teen Strathvaal verloor het, nie. Strathvaal het eerste gaan kolf en 116 lopies aangeteken. John der Kinderen was die beste bouler met 4 vir 29.

## Bepalings vir SAU-rugby vasgestel

**Die uitklopreeks vir die eerste rondte van die S.A. Universiteite is reeds vasgestel, ondanks die oorvol rugbyprogram a.g.v. die Curriebeker- en wedstryde teen die Leeus vanjaar.**

Die Witsies speel op Woensdag, 22 Mei op Ellispark teen Rhodes. Die Transvalers is definitief die gunstelinge, maar dit sal nie so maklik gaan as in 1965 toe hulle met 28-3 gewen het nie.

Die rugbyfeesvieringe in Bloemfontein word ingelui wanneer die Kovsies daar op hul tuisveld teen die sterk span van die Ikeys te staan sal kom. Die wedstryd word op Woensdag, 1 Mei afgehandel. In hul vorige botsing het die Ikeys net-net met 6—3 gewen. Hierdie wedstryd het in 1939 plaasgevind.

Die Tukkies speel na tien jaar weer in Pretoria teen die Piesangboere. Hulle het laas in 1958 teen mekaar gespeel met die ingebruikneming van die L.C. de Villiersstadion. Die Pretorianers het gewen.

PUKKE

Die Pukke het 'n loslootjie in die eerste rondte. Verlede jaar het die Pukke hul eerste wedstryd in Kaapstad teen die Ikeys met 8—3 verloor. Sover vasgestel kan word sal die Maties vanjaar weer nie aan hierdie toernooi deelneem nie. Hulle het nog altyd studieprobeleme.

Verder het die Internasionale Rugbyraad ook nuwe reëls neergelê i.v.m. klubtoere in die buiteland.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."

Turkstra

te kry by u kafeteria

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**